

Woedende dominee: 'Ek is die bliksem in omdat ek liefhet'

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/Woedende-dominee-Ek-is-die-bliksem-in-omdat-ek-liefhet-20150429>

In 2000 het Chris Louw 'n artikel in *Beeld* geskryf getiteld "Boetman is die bliksem in". Louw se brief was 'n soort katarsis, en die inhoud en woede in sy brief was gerig aan die geslag Afrikaners voor hom en waarvan een, Willem De Klerk, Louw jare vantevore op neerhalende wyse as "Boetman" aangespreek het. Reeds voor Chris Louw se brief was daar mense in ons land wat kwaad was, en vandag, vyftien jaar later, is daar steeds heelwat mense wat woedend is. Mense is en was om verskeie redes ontnugter oor wat in Suid-Afrika gebeur het en hoe dit hanteer is. Vandag is daar egter nóg redes waarom mense kwaad is. Ek noem enkele voorbeelde. In 2013 is Mido Macia, 'n Mosambiekse taxibestuurder, dood toe lede van die polisie hom aan hul voertuig vasgebind het en 500 meter ver gesleep het. Die rede? Hy het met hulle oor 'n verkeersoortreding gestry. Hy was 27 jaar oud. Tydens sy begrafnis het Graça Machel, die weduwee van oudpresident Nelson Mandela, gesê: "South Africa is an angry nation" en bygevoeg: "The level of anger and aggression is rising." (Laing, 2013:1-3). Vroeg in 2015 skryf Tim du Plessis in *Rapport* dat sy voorneme vir die jaar wat voorlê is om kwaad te bly. In die Wes-Kaap het die musiekgroep Dookoom onlangs 'n lied vrygestel met die titel "Larney jou p**s". Dis geskryf deur die leiersanger, Isaac Mutant, wat sê: "Daar is 'n verskil tussen jou woede uitdruk en die aanstigting van geweld. Kom ons fokus op waarom mense kwaad is" (Blignaut & Koen, 2014:3). Hierdie is maar enkele voorbeelde, maar daar is baie meer voorbeelde van woedende Suid-Afrikaners. Dit is tans nie moontlik om enige koerant oop te maak sonder dat daar artikels in is oor woede nie. Hoekom is die mense van ons land so kwaad? Wel, die redes is veelvuldig, maar wanneer blatante korrupsie, ongeregtheid, rassisme, diskriminasie, armoede, werkloosheid, ongelukheid, swak leierskap en patetiese dienslewering endemies word, dan is woede nie 'n al te onbekende besoeker in die liggame van menige Suid-Afrikaner nie. Wanneer dit waarvoor ons omgee en lief is bedreig word, ervaar menige 'n versnelde hartklop, hoër bloeddruk, so 'n sweetjie op die voorkop en hande wat liggies begin bewe. Maar dan, dan die lastigheid, volgens die heel nuutste statistiek uit 2013 beskou 85.6% van die land se bevolking hulself as behorende tot die Christelike geloof en Christene mag mos nie kwaad word nie. Of dan in die uitsonderlike gevalle wanneer dit wel gebeur dan wys ons ook nie ons emosie nie, oftewel dalk by die huis, maar verseker nie by die kerk of in byvoorbeeld die erediens nie. Ek is oortuig dat heelwat van dit wat ons tans in ons land waarneem op een of ander wyse verband hou met die ervaring van die emosie - woede. Die doodsonde van Donderdag volgens die Katolieke tradisie. Kom ons neem egter enkele voorbeelde en vra onself af of ons ons verstaan van die situasie kan verdiep indien ons iets soos 'n staking vir 'n oomblik herdefinieer as litanië, sponsoriese uitroepe van mense wie normaalweg nie andersins die geleentheid kry om hulle woede te kan kommunikeer nie. Of neem die Boer Genocide Gedenkplek net suid van Polokwane waar 'n kruis geplant word vir elke vermoorde plaasboer. Ook hier is ek oortuig is woede deel van die ritueel. Ja-nee, in die jaar 2000 was Boetman die bliksem in, maar vandag is amper almal in Suid-Afrika die bliksem in, oftewel so wil

dit voorkom. Hierdie woede glo ek egter is 'n goeie ding, nee, dit is nie alleen 'n goeie ding dat Suid-Afrikaners kwaad is nie, dit is ook 'n emosie wat kerke kan en behoort te omhels. Dit is dalk gerade om hier 'n baie basiese onderskeid te tref, te wete tussen woede en aggressie. Die xenofobiese aanvalle is voorbeelde van geweld en aggressie, woede is 'n emosie. Tog, al is woede maar net 'n emosie, is baie kerke allergies daarvoor en dit is 'n fout. Resente neuro-wetenskaplike navorsing toon aan hoedat emosies deel is van die evolusionêre ontwikkeling van die mens en noodsaaklik is vir oorlewing. So byvoorbeeld help woede die mens om in gevaarlike omstandighede te mobiliseer. Ons word kwaad ten einde te oorleef en ons word kwaad wanneer dit waarvoor ons lief is, bedreig word. Bekende vertaler van die Bybel as *The Message*, Eugene Peterson, merk op dat ons ons woede as diagnostiese instrument moet gebruik. Met ander woorde, vra jouself af hoekom jy kwaad is? En die verrassande is: ek is die bliksem in omdat ek lief het! Ons word kwaad wanneer die verhale of narratiewe wat vir ons belangrik is, bedreig word. Om Peterson self hier aan te haal: "When anger erupts in us, it is a signal that something isn't working right. There is evil, or incompetence, or stupidity lurking about." Ja, ons word kwaad omdat ons liefhet. Ons word kwaad wanneer dit wat ons koester, soos die ideaal van 'n Reënboognasie of die vryheid waarvoor ek dalk gestry het of die toekoms van my kinders, bedreig word. Hierdie gegewe is ook waar rakende die God van die Bybel. Daar is menige voorbeelde in die Ou Testament waar God se toorn ontvlam uit medelye, 'n omgee vir sy mense, alhoewel die bekendste voorbeeld sekerlik die voorbeeld is van Jesus wat kwaad word in die tempel, juis ook omdat iets waarvoor Hy lief was bedreig is. Min het myns insiens hierdie teologiese waarheid beter verwoord as Sheila Cussons in haar gedig getiteld "Advent" waarin skryf: "het 'n verskriklike Toorn/ uit sy eie hart gebars/in 'n roos van vlees." Hierdie woede wat ons in die Bybel kry en wat baie Suid-Afrikaners tans ervaar moenie geïgnoreer word nie, juis ook nie deur die kerk nie, maar dit moet veel eerder volledig beliggaam word. Baie mense is alreeds besig om dit te doen soos ek hierbo ook voorbeelde van gegee het met stakings en optogte. Ek sal dit die liturgie van die straat noem. Dit is egter nou die tyd dat die liturgie van Sondag en die liturgie van Maandag tot Saterdag veel nader aan mekaar beweeg sodat daar binne geloofsgemeenskappe ruimtes geskep kan word vir woede, vir heilige woede wat waardeer en beliggaam word sodat meer mense die genesende krag daarvan kan beleef. Ek glo ons het nou woedende eredienste, woedende preke en gebede en liedere nodig. Om my kollega, Maake Masango, met verwysing na korrupte leiers aan te haal: "Ek mag nie 'n klip na hulle gooi nie, maar ek mag 'n preek na hulle gooi". Om om die regte redes en op sinvolle wyses kwaad te raak is nie alleen nie verkeerd nie, intendeel, dit is ook 'n noodsaaklike uitdrukking van liefde, van die feit dat ek verdomp nog omgee oor wat in my land aan die gebeur is. Daarom is ek diep oortuig dat geloofsgemeenskappe die woede in hulle ruimtes moet innooi as uitdrukkings van liefde in 'n moeilike konteks. En ja, ons almal weet, woede is gevaarlik en die uitdrukking daarvan kan ontaard, maar daar is min geloofsgemeenskappe waar daar nie óf professionele óf wyse mense of 'n kombinasie van die twee is wat ons kan help om presies dit op sinvolle wyses te doen nie. 'n Uitdrukking van woede is 'n daad van hoop. In huweliksberading word woede bo apatie verkies. Met mense wat apaties staan is daar min of niks salf aan te

smeer nie, maar mense wat nog kwaad is, gee nog om, daardie verhouding kan nog, al gaan dit werk vat, wel gered word. Die woedende mense van Suid-Afrika gee nog om, hulle is nie besig met 'n doodsonde nie maar besig om 'n godgeskape emosie te beliggaam en daarmee te sê: ons is (nog nie) apaties oor wat hier aangaan nie.

Cas Wepener
Hoof van die Departement Praktiese Teologie
Universiteit van Pretoria